

STROOM OP



AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

2de TERMYN 1986



Pa en seun leer mekaar beter ken!

Op Vrydag, 23 Mei, maak Affies weer geskiedenis. Die T.A.O.V. Sportkomitee onder voorsitterskap van dr Daan de Klerk en mnr Pierre Edwards reël 'n vleisbraai vir al die rugbyspelers en hul pa's.

MNR HENRY WINDELL — MOTIVERING

Die vleisbraaivure is reeds vroeg aangesteek en terwyl daar gewag is dat die hout kole moet maak, het die pa's en hul seuns na mnr Henry Windell in die saal gaan luister. Mnr Windell het sy gehoor toegesprek oor 'n beter pa-seun-verhouding waar wedersydse vertroue uitgelig is. Hy gee ook 'n puik uiteensetting oor motivering.

LEIERSKAP

Die Affies is ook weer daarop gewys om hul plek vol te staan op: sportgebied, die akademiese en kulturele gebied en om as Affies 'n waardige plek in die samelewing in te neem. En omdat elke man of seun op die een of ander terrein 'n leier is, het hy ook leierseienskappe uitgelig en bespreek. Elkeen is bewus gemaak van dit wat van hom verwag word en hoe 'n leier geëvalueer word.

RUGBYDAS

Na die verrykende toespraak is Affies se nuwe eerstespan rugbydas bekendgestel. Almal wat al vir Affies se eerstespan op die veld uitgedraf het, kom die eer toe om die das te mag dra!

Christo Potgieter, die eerste-

spankaptein, het aan die Affies se vorige hoof, mnr N C Roesch, een van dié eredasse oorhandig. In sy bedanking het mnr Roesch sy gelukwensinge uitgespreek oor al die verworwe puik prestasies en die eerstespan sterkte toegewens vir die res van die rugbyseisoen op pad na die Adminbeker.


Teen dié tyd was almal goed honger en die vleis het spoedig oor die kole gesis. Die seuns en hul pa's kon gesellig en informeel met die afriegers verkeer.

Die ergste honger is gestil met die skyfies en grondboontjies wat Simba voorsien het. Vir die altyd-honger Affies kon die vleis nie gou genoeg braai nie en het hul gou goed weggeleë aan hul vleis én die pap en slaai wat deur die Sportkomitee voorsien is. Gelukkig was daar genoeg sodat die pa's ook versadig huis toe kon gaan.

Teen 21h00 het almal huiswaarts gekeer om 'n goeie nagrus te geniet vóór die kragmetings teen die Galle die volgende dag.

Een en almal het gevoel dat die Sportkomitee 'n pluimpie vir die gesellige en leersame aand verdien. Die hoop is uitgespreek dat die aand spoedig deur méér sulke aande opgevolg sal word.

Con Purchase



Mnr. Albert Adams en sy seun, Albert, braai soos vele ander pa's en seuns hul vleis gesellig saam.

Affies gedenk Republiekdagwording



Die twee skole word belangstellend dopgehou deur mnr. Van Staden, Edwards, en Kruger, hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool en mej Venter, hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool.

Gené Visagie

Die periodes was ekstra-ekstra kort, om sondoende plek in te ruim vir die Republiekdagviering om 12:00 op 30 Mei 1986. Die hele week is daar gegis: watter vorm gaan dit aanneem? Gaan daar wéér, soos elke jaar by al die vieringe, urelange toesprake gehou word waarvan daar in elk geval niks verstaan word nie? En jy't gehoor jy moet "Ken gj dat Volk?" sing. . . watter aangename verrassing het nie op die Affies gewag nie!

Mev L Venter, hoof van die Meisieskool, het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen.

Die hele viering was kort en kragtig, waartydens mnr Edwards die geleentheid gekry het om die Affies te herinner aan die doel en simboliek van die besondere dag. Hy het dit ook uitgelig dat, alhoewel SA vandag soveel probleme op politieke gebied beleef, dit nie vir die blanke nodig geword het om sy geskiedenis te vergeet nie.

Daar is in kort besin oor die implikasies van dié dag en die verantwoordelikhede van Afrikanerwees in 1986. Die kadetorkes het dan ook hul deel bygedra tot die stemming.

Die vlag is gehys en die blaasorkes onder leiding van mnr Poolen

het o.a. "Exodus" gespeel. Daar is oorgegaan tot die sing van verskeie liedjies (nie dat dit die hele tyd so suksesvol was nie, Affies!)

VERNUWING

Daar is besef dat 'n nuwe tipe Republiekdagviering die lig gesien het. Met dié stilbesef is die byeenkoms verdaag en het die naweek begin: 'n naweek met 'n besondere Saterdag: 31 Mei 1986.

PLIG

Affies moet onthou: hulle is die leiers van die toekoms en moet die vertroue wat in hulle gestel word, waardig wees en vir hul land leef.

REDAKSIE 1986

Redakteur
Con Purchase

Redaktrise
Gené Visagie

Sub-redaktrise
Esthea v. Schalkwyk

Sub-redakteur
Danie Brand

Algemeen
Werner Bornman
Jasper Burden
Evan Andreau
Jan-Albert van den Berg
Alber Bekker

Sport
Bennie Bouwer
Rankin le Roux
Corné van As

Kultuur
Luan Kloppers
Alwyn Kaltwasser

Foto's
Gert Nothnagel
Dirk Wijnbeek
Albert Pretorius
Bennie du Toit

Kultuur
Carla Pretorius
Tyna Mössmer
Helena Barnard
Nicola Botha

Sport
Esté Windell
Karen van Vuren
Cornel Breytenbach
Ronél de Beer
Anna-Maria de Jesus
Juanita du Venage

Algemeen
Esmé van Achterbergh
Andrea Steynberg
Hedwig Barry
Christa van Kerken
Reklame
Juanita Poolman
Janine van Staden

Ouer-en-onderwyser-vennootskap: T.A.O.V.

Affies het die voorreg om oor 'n entoesiasiese T.A.O.V. te beskik waar die Ouer-en-Onderwysers-Vennootskap baie sterk staan. Die personeel en leerlinge is baie trots op die ouerbetrokkenheid en dankbaar daarvoor.

Verskeie komitees is in die lewe geroep waar elk hul onderskeie oogmerke het. Aan die spits van sake staan mnr T L P Kruger, die hoof, en mnr Willie du Plessis (voorsitter); prof M Shahia (onder-voorsitter) en mnr Eksteen (sekretaris).

FONDSINSAMELING

Die fondsinsamelingskomitee onder voorsitterskap van mnr P Fairbanks (voorsitter) en P Swanepoel (onderwysvertegenwoordiger) het reeds die Gekombineerde Skole-Kompetisie waar R20 000 kontant gewen kan word, van stapel gestuur. Op Lentedag sal ook 'n pretloop plaasvind.

PROJEKTE

Die Projektkomitee onder leiding van mnr L Cloete (voorsitter) en D Swan (skoolvertegenwoordiger) het sedert 1985 gehelp dat ± R70 000 se projekte afgehandel is. Die prioriteitsprojek vir vanjaar is die verbetering aan die swembad.

SEKURITEIT

Sekuriteit geniet op die hoogste vlak aandag en genl Ferreira (voorsitter) en mnr J L Myburgh en B Dreyer loods dié belangrike saak.

DIE OPVOEDKUNDIGE LEIDINGSKOMITEE

Prof M Shahia (voorsitter) en mnr J L Myburgh met hul span ouers het die tema: die enkelouer, as eerste prioriteit.

SPORT

Dr Daan de Klerk (voorsitter) en mnr Pierre Edwards (skoolvertegenwoordiger) het reeds die pas afgelope Pa-Seun-vleisbraai van stapel gestuur. Die genoeglike aand sal opgevolg word met soortgelyke byeenkomste ook vir die leerlinge wat aan ander sportsoorte deelneem.

KULTUUR

Kultuur staan onder dr A Kloppers (voorsitter) en mnr W H van Staden. 'n Verskeidenheid projekte is in wording waarby ook die Aktualiteitsvereniging wat op die been gebring is.

ONTHAAL EN VERVERSINGS

Voorsitter mnr P Fairbanks, skoolvertegenwoordiger, mev E van der Merwe en die sekretaresse mev L Britz is hard besig om fondse te in. Mev Britz se span het reeds ± R4 000 gein.

Na drie Stroom-oppe . . .

Jy het begin, as 'n rou stander aggie: met groot verwondering na die slim matrieks gekyk wat alles geweet het van bladuitleg. Hulle het geweet hoe om die berigte te plaas, wát om waar af te knip. . . dinge wat jy alles nog moes leer. En hulle was ook nie baie genadig met jou nie: prop 'n pen in jou hand en sê: "Skryf 'n berig!" en stop 'n skêr en kleefband in jou ander hand en sê: "Lê die blad uit!"

Jy werk tesame met 'n broer in die verdrukking ('n baie selfversekerde st 8-séun) aan jou blad net om te hoor: "Nee, 'n foto kom nie in die linker onderste hoek nie". . . "Hierdie berig hoort nie hier nie. . ." "Ag nee, wat gaan hiér aan?"

Baie dankie Affies, dat julle ons die geleentheid gegee het om 3

Stroom-oppe te kon doen; dat julle kritiek gelewer het, dat julle so interessant was dat 'n mens dinge oor julle kon skryf: sêgoed, 'n lewensgeskiedenis van 'n sportman/vrou, foto's (ahem!) inne-en-uite. . . Dankie vir prestasies: daardie prestasies wat die koerant elke termyn 'n bietjie hoër gelig het!

Aan die redaksie wat hierna die leisels gaan oorneem: Baie sterkte, geduld en kreatiewe denke word julle toegewens. Aan al die nuwe st aggies wat gaan bykom — moenie bang wees nie — 'n mens leer verbasend gou! Aan die redaksie wat nou die laaste eksamens skryf: Baie, baie dankie! Julle het 100% van die sukses van Stroom-op bygedra!

Gené Visagie
Redaksie '86

Oud-Affie van die termyn

Mnr Adri Booyen, 'n welbekende Affie, word nou ook onder die geëerde oud-Affie gereken, aangesien hy pas na 26 jaar afgetree het.

Meneer Booyen is in 1927 op Krugersdorp gebore. Beide sy ouers het ook in die onderwysberoep gestaan. Sy vader het Bedryfskennis onderrig en was 'n besondere goeie kunstenaar. Mnr Booyen was tot en met st 8 op Sannieshof in die skool en het 1944 aan Helpmekaar gematrikuleer.

Sy studies sit hy voort aan Tukkie en die Heidelbergse Onderwyskollege. Hy spesialiseer ook in Houtwerk aan die Normaalkollege Pretoria.

Vir nege jaar het mnr Booyen op Bloemhof skoolgehou en in 1960 begin hy by Affies skoolhou.

Dieselfde jaar is hy met mej Nora van Zyl getroud en twee kinders word uit die huwelik gebore. Annalie, 'n oud-Affie (A H M P), wat tans in haar finale jaar is vir die B A-graad met sielkunde as hoofvak. Riaan, was in 1979 onderhoofseun by A H S, en bekend vir sy puik akademiese prestasies. Hy het 8 vakke in matriek gehad waarvoor hy vir 7 onderskeidings behaal het.

Weet jy wat is 'n emslinaal?

Saterdag, 24 Mei het sewe Stroom-op-redaksielede 'n seminaar oor Skoolkoerante bygewoon. Dit was baie lekker, maar daar is soveel verbysterende goed wat ons nooit geweet het nie wat glo algemene kennis in die joernalistiek is.

Afkortings word omtrent nooit gebruik nie en as dit gebruik word, word punte weggelaat. Bladuitleg word net met 'n em- of ems- of so iets linaal gedoen. Advertensies word net regs of links onder in die hoek geplaas ens. ens.

Wat baie snaaks was, was die "politieke toespraak". Die kursuleier het vir ons gesê dat een van 'n joernalis se grootste probleme is om 'n verslag te doen van 'n spreker wat niks gesê het nie, en dat hy ons gevolglik oefening daarin gaan gee!

Die heel lekkerste was die verversings. Nadat Elsa Oosthuizen, ons vorige hoofmeisie, ons drie keer uitgenooi het om alles op te eet, het ons besluit om dit te doen en heerlike gesmul aan die "doughnuts", koekisters en vetkoeke.

Baie dankie vir mev Louw en Smit vir al u reëlings. Dit was regtig lekker en leersaam.

BRIEWE

Geagte Johann van Loggerenberg, Neil van der Walt en J Snyman

Daar is ietwat van 'n meningsverskil onder die redaksie wat betref julle brief wat in die vorige Stroom-op geplaas is — 'n verskil wat, dink ek, teweeggebring word deur verskillende interpretasies.

Ek aanvaar dat julle die kritiek in 'n goeie gees lewer, met die skool se belange op die hart. Dit is egter duidelik dat julle dink dat die redaksie hul plig as verslaggewers versuim.

STANDERD 8-MINI KERMIS

Op Donderdag, 29 Mei, het die st. 8-leerlinge onder leiding van mnr. F Deysel en mev E van der Merwe 'n uiters geslaagde fondsinsamelingsprojek van stapel gestuur.


Aangesien die skool geld vir 'n nuwe swembad dringend nodig het, het die st. 8-leerlinge besluit om skouer aan die wiel te sit en ook hul bydrae te maak.

Die projek het die vorm van 'n sokkiejol gepaardgaande met 'n worsbroodjieverkoping aangeneem. Vir die moeë dansers was daar dus 'n blaaskans om die oop vure en ook die nodige innerlike versterking te kry. Mev Fullard-hulle kan nie voorby met die verkoping van die worsbroodjies en koeldranke nie. Die funksie is baie goed onder-

Tans is hy 'n elektroniese ingenieur na baie suksesvolle studiejare, wat hy met lof slaag. Riaan, was dan ook die Stroom-op redakteur wat die onderskeiding te beurt geval het om die Junior Rapportryer Koerant-kompetisie te wen.

Mnr Booyen, beter bekend as oom Adri, of oom Ogies, was vir 26 jaar verbonde aan die Afrikaanse Hoër Seunskool waar hy bekend was vir sy netheid, presiesheid en deeglikheid waarmee hy alle take aangepak en volvoer het.

Op die gebied van buitemuurse aktiwiteite was mnr Booyen nog altyd 'n persoon wat daarvan gehou het om ten volle betrokke te raak by wat hy ookal doen. 'n Tekenende voorbeeld hiervan, is die kadetorkes wat hy vir 22 jaar afgerig het. Op Affies, 'as 'n mens aan die kadetorkes dink, dink 'n mens aan mnr Booyen. Met kenmerkende toewyding en ywer het mnr Booyen deur die jare die kadetorkes tot verskeie hoogtepunte gelei. Diegene wat so gelukkig was om in die orkes te speel terwyl mnr Booyen kapelmeester was, sal altyd 'n sagte plekkie vir hom in hul harte hê. Hy het altyd 'n antwoord gehad, het altyd na probleme geluister en



Mnr A Booyen.

met sy entoesiasme het hy al die oefen en swaarkry 'n onvergeetlike ervaring gemaak.

Van die kadetorkes — baie dankie, mnr Booyen, vir al u opofferings, harde werk en entoesiasme! Ons gaan u regtig in die toekoms mis! U plek is leeg. . . God's rykste seën vergesel u en u gesin.

Erekleuredag 1986

Esthea van Schalkwyk

Benodighede vir 'n suksesvolle Erekleuredag te A H M P:

'n Splinternuwe hoof
'n Voortreflike gassprekerster
Twee oud-hoofde
'n Predikant
Eregaste
Oud-Affies en hul ouers
EN
Die Affies

26 Maart 1986 was, gemeet aan bogenoemde standaarde, dus 'n uiters suksesvolle Erekleuredag.

Ons hoof, mej Louisa Venter, het die verwelkoming waargeneem waarna sy vir ds. Senekal aan die woord gestel het. Hy het die Skriflesing en gebed op treffende wyse waargeneem.

Vir weke voor hierdie dag, het daar talle oe's en aa's deur Affies se skoolgeboue weerklink as hulle gehoor het wie die gasspreker sou wees. Dit was inderdaad Affies se vorige, geliefde hoof, mej Agnes Holtzhausen. Na 'n uitstekende toespraak, wou die applous maar net nie bedaar nie en het juffrou Holtzhausen haarself weer eens as 'n voortreflike spreker bewys, maar veral bevestig dat sy nog na aan die Affies se harte was.

Van die eregaste het toekennings en erekleure oorhandig: Die Wagner Biologie — stipendium deur mej Steijn Die Beryl Jubber Noord-Sotho-prys deur mev Esterhuizen Erekleure deur mev Van den Heever Die silver medalje deur mev De Wet Die goue medaljes deur mej Holtzhausen.

Om eerstens die doelwitte van die redaksie te maak: ons wil 'n koerant hê wat 'n geheelbeeld van die skool gee en waaraan die hele skool deel het. Dit moet egter nie 'n blote notule wees nie — Stroom-op moet interessant wees en lekker lees.

Plaas jul in ons posisie: Die redaksie van 33 lede (wat reeds 'n baie groot getal is) moet verslag lewer van wat ± 1 500 leerlinge doen. Werkverdeling vind wel plaas, maar net onder die heel belangrikste gebeure. Ons weet nie altyd verder wat aangaan nie. Vir verdere nuusdekking maak ons staat op die samewerking van die hele skool. Daar word 'n uitgebreide

veldtog geloods om die leerlinge aan te moedig om self berigte in te lewer, maar dit het nog bitter min opgelewer.

Ons is bly dat almal saamstaan en vra "waarom?" Dit dui aan dat julle besef dat die koerant julle s'n is. Ons is nie alleen gewillig om "laer profiel" berigte te plaas nie, ons is gretig om dit te doen.

Ons nooi die hele skool weer eens uit om self berigte (interessant en lewendig!) te skryf en dit aan 'n redaksie te gee.

Julle het in der waarheid daardie verpligting op julleself gelê deur die skryf van julle brief.

Helena Barnard

NAGEVOLGE

Die volgende dag het die briljante, op-en-wakker verslaggewer 'n paar menings gaan vra:

Mnr Tokkelossie Deysel: "Ons het darem 'n hele paar dollars gemaak." **Wildu:** "Dit was 'n bust man!"

Swart: "Bedoel jy dat dit in die saal was?"

Roux: "'n Bietjie vol.

Casper: Hulle kon meer moeite gedoen het.

Hew: Dit was maar droog.

Rommel: Was nie daar nie. (Skande).

Theo: Watter sokkiejol!

Jumbo: Die worsbrode was te klein. **EVAN ANDREOU**

Die ideale Affie-onnie

Na indringende navrae en intensiewe ondersoek deur 'n span Stroom-op spesialiste, het die paneel tot die besef gekom dat daar wel 'n ideale-onnie is! Daar is toe straf meeding om tweedebeste. . .


Na kwaai teenstand deur onder andere mev Levinia, mnr Poerie en mnr Swannie, het mnr Plastic as oorwinnaar uit die stryd getree.

Seker die belangrikste pluspunt in die Kampioen se mondering, was sy interessante segswyse in verband met "T . . ." en sy "khakievogelinge". Die feit dat hy as gevolg van sy van maklik met sekere Kapenaars vereenselwig word, weerhou hierdie beginselvaste "Bloubul-ondersteuner", nie daarvan om sy ware kleure te wys nie. (As gevolg van 'n oormaat entoesiasme het keurders, hom selfs een of twee keer verste van die skrum af laat stelling inneem).

Julle meisies dink seker dat ons super-Plastic geintimideer voel deur die feit dat hy nie die program (Republiekdag) kon raakvat nie. Hy het hom egter trou aan sy heelagterbeeld, koel en kalm reggeruk en na sy vorige posisie gerittereer! Die feit dat hy soos 'n voorspeler gevoel het, kan 'n mens duidelik op sy gesig sien.

Mnr Edwards, word bedank vir die voorbeeld wat hy aan menige aspirant-Affiemanne stel!

Sy prys, hierdie huldeblyk, dit sal soos 'n kleinood in die Stroom-op annale bewaar word.



Mnr. Edwards wil nog 'n appeltjie skil. Kyk net . . .

D Wijnbeek en B Bouwer

St 9 Biologie: Roudag

DINSDAG, 27 MEI

Die st. 9's skryf Biologie. Na die toets word die volgende aanmerkings gehoor:

Alber: Dit was nie té moeilik nie.

Rudolph: Ouh wee!

Lukka: . . . (Spraakloos)

DONDERDAG, 29 MEI 1986

Die biologietoets word teruggegee!

Almal word gerusgestel. Die onderwyser vra ewe vriendelik of die manne lekker geëet en geslaap het. Hulle moes geweet het dat dit die kalmte voor die storm was . . .

Die vraestelle word uitgedeel (aargh!) die punte is uitermatig hoog naamlik 12%, 32%, 8%. (Julle kry die idee). Wat daarna gebeur, sal in die geskiedenisboeke opgeteken word as die donkerste dag in die lewens van die st.9-biologieleerlinge.

Die manne was nog nooit gretig om by die kleedkamers uit te kom nie. Die manne het maar min te sê gehad, maar ons het darem die volgende kommentaar ontvang!

De Lange: Woo ooh ow!

Tielman: Heng, maar dis warm!

Jan: Ai, jai jai jai I no feel so good now!

Gouws Piek. Dis ons laaste pouse en dan . . . (maak beweging met honde soos 'n valbyl).

Dit was vir party manne 'n teer storie toe dit by die sit kom. Dit is verbasend om te sien hoe die seuns se biologiese kennis verbeter het. Die grootste aanmoediging was seker die onderwyser se woorde: "Julle sal bloed huil en "grave!" spoeg!"

Onthou kerele: julle wás gewaarsku!

'n Dag in die lewe van Affies

Ekonomie onderwyser aan Elandré na toets: "Jy sal seker eendag op my graf wil spoeg, né!"

Elandré: "Nee, Meneer, ek hou nie daarvan om in 'n tou te staan nie."


Geskiedenisonderwyser aan seun: "En daar is die storie van alles wat ek in die oorlog gedoen het."

Seun: "Maar, Meneer van Deventer, waarvoor het hulle dan al die ander soldate nodig gehad?"

Hoe weet jy wanneer dit vir jou 'n slegte dag gaan wees?

1. Jy word wakker en ontdek dat jou waterbed gebars het, maar besef dan dat jy nie 'n waterbed het nie.
2. Jy sit altwee jou kontaklense in dieselfde oog.
3. Jou tweelingsussie vergeet jou verjaarsdag.
4. Jy loop drie blokke skool toe op 'n besige sypaadjie en sien dan by die skoolhek dat jy net een skoen aanhet.
5. Op pad skool toe ry jou ma in mnr Swanepoel se kar vas en jy het daardie dag 'n dubbel periode Ekonomie.
6. Jy "mouse" jou hare baie sorgvuldig plat teen jou kop vas en net voor haarinspeksie sak die reën uit . . .


WANTED



MNR. CHARLES SHEPPARD

ALIAS: GRIFFEL, ROOI VOS

BESKRYWING: SLUIF



MNR. PIET SWANEPOEL

ALIAS: DONDERWOLKIE


BESKRYWING: MEAN



MNR. PIERRE EDWARDS

ALIAS: PLASTICS

BESKRYWING: LEWENSLANK



MNR. HENNIE VAN HUYSTEEN

ALIAS: BAKSTEEN, COROBRICK

BESKRYWING: VIERKANTIG




MNR. CHRIS VERMEULEN

ALIAS: COLGATE, DAVID

BESKRYWING: TANDE

R 10000⁰⁰

Nuwe Senior Adjunk-hoof 'N NUWE SAAK VIR DIE INSPEKTEUR!



Mnr Piet J Swanepoel het op 'n betreklike jong ouderdom alreeds 'n hoë sport in die onderwys bereik, hiervan getuig die aanstelling as senior adjunk-hoof by die Afrikaanse Hoër Seunskool.

Hy voltooi sy studies in 1970 aan die Universiteit van Pretoria en die Normaal-kollege Pretoria. Hy hou vir vier jaar skool en in 1975 aanvaar hy die pos as skakelbeampte by die studentediensburo aan U.P. en behaal ook sy B Ed-graad.

In 1977 gaan hy terug onderwys toe en wel na Hoërskool Pretoria-Wes. Mnr Swanepoel word in 1981 bevorder na Affies en wel as Departementshoof Geesteswetenskappe. Hy aanvaar egter later weer 'n pos aan U.P. maar sy liefde vir die leerling en sport laat hom in 1985 die adjunk-hoof pos by Affies aanvaar.


Na een jaar in die pos, word hy as senior adjunk-hoof aangestel. Voorwaar 'n puik prestasie.

KOSHUISLEWE

Mnr van Huyssteen aan koshuisleerlinge: "En ek sê weer! Woensdae is rooi jellie en Vrydae is groen jellie en vis middagetes — en dit kan nie verander nie want . . . uh . . . mm — dit was nog altyd só gewees!"

DE DUM DICTIONARY

Defence	: De wire dat goes around the camp
Defeat	: De tings dat you walk on
Detail	: De tings dat hnags on de back of de cat
Descent	: De money of de man
Detain	: De place where de flowers grow
Define	: De money you pay when you break de law
Depart	: De piece of something
Destroy	: De ting wif what you drink coca-cola
Defect	: De honest to goodness truth
Debug	: De ting dat causes de itch
Deliver	: De enemy of de alcohol
Debate	: De stuff dat catches de fish
Delete	: De song dat you sing
Delight	: De ting dat shines
Defrost	: De white stuff on de ground in winter



(Die leidraad is in hierdie foto).

Staan terug, Truk! Hier kom die Affie-orke!

Inderdaad, dit is hoe 'n mens gevoel het op Erekleuredag, toe mev Swart lewenslustig ons orkes gedirigeer het en ons almal gelag het oor die vrolike klanke van die "Entertainer". Ongelukkig weet die meeste van ons nie eers wat, wie, waar en hoe die orkes ontstaan het nie.

Affies was nog maar altyd 'n skool met talent, van watter aard ookal, maar veral in musiek. Dit was hierdie talent wat mev Swart opgemerk het, toe sy in die begin van 1983 as musikonderwyseres aangestel is. Sedertdien oefen die orkes gereeld en baie hard.

Mev Swart het aan Stroom-op gesê, alhoewel hulle net klassieke werke in die vroeëre stadiums uitgevoer het, het hulle hul repertorium uitgebrei na 'n algemene musiekkeuse (vandaar seker dan die kombinasie van Händel se Mars uit "Scipio" en die Entertainer op Erekleuredag, nie waar nie?) En dis nie al nie, komposisies van mnr Swart is ook al uitgevoer.

Die lede is persone wat gevorder het met 'n tweede instrument tot op Gr V standaard. Die orkes bestaan

op die oomblik uit 12 1ste en 2de viole, 2 tjello's, 'n klavier en slaginstrumente wat die vreugde verskaf. Nuwe stukke word somer geblades en dan begin die tydsaaamste proses naamlik die afronding. Daar word elke Woensdag pouse te midde van 'n ontspanne atmosfeer geskaaf en geskuur aan die volmaaktheid van 'n stukkie musiek.

Alhoewel mev Swart en die lede van haar orkes toekomsplanne het (byvoorbeeld kompetisies en kunswedstryde) sê sy dat die grootste tekortkoming op die oomblik die min geleentheid om op te tree, is.

Hoe lyk dit, Affies? Kan ons nie hierdie kosbare deel van Affies nie 'n bietjie meer op die voorgrond skuif nie?

Esmé van Achterbergh

Akademiese leiers maak skoonskip . . .

Aan die einde van elke termyn word die 15 toppresterders in elke standaard bekendgemaak. Die gedugte akademiese span verbaas telkens met die baie hoë persentasies wat hul handhaaf. Hul sukses word dan ook toegeskryf aan harde werk, deursettingsvermoë, volharding en pligsgetrouheid wat as navolgenswaardige voorbeeld dien.

Talle van die leerlinge staan ook hul plek vol op die sportveld en in die kulturele lewe wat 'n bewys is van 'n gesonde, gebalanseerde lewenswyse.

Die st.6-akademiese span se eerste drie is: Johannes Nell (86%), Josef J. Bates (85%) en Chris Steyn (84%).

In st. 7 word die voortou op die akademiese gebied geneem deur: Garnet van der Walt (87%), Ampie Barnard (86%), Gerard du Plessis (84%), Werner Stockhoff (84%) en Christiaan F van der Merwe (84%).

Die st. 8-leerlinge wat nie speletjies met die akademie maak nie, is:

Stephanus J Naude (90%), Gerhardus Venter (90%), Pieter W Smith (87%), Johan van Niekerk (87%).

Pieter B W Wolmarans (88%), Johan B Beukes (86%), Rudi Stumpf (85%) en Lajos M Vari (85%) neem die voortou by die standaard 9-leerlinge.

Die matrieks wat die voorlopers met goeie punte is, is Philip R Page (90%), Gabriël S Kolbe (86%), Jan-Hendrik Grobler (82%), Werner Pohl (81%) en Frans Birkholtz (79%) met 'n hele paar ander kort op hul hakke.



Ons akademiese leiers: Gekenmerk deur die hoogste akademiese prestasies in die verskillende standers.

Matrieks redeneer — redenaarskompetisie

Danie Brand, Dirk Wijnbeek, Johan Gijsbers en Werner Bornman het hul puik van hul taak gekwyt en die wenners van A.H.M.P. en die ander spanne lelik opdraand gegee!

Hulle kan geluggewens word met hul uitstekende, oortuigende feite en hul dinamiese optrede wat hul deurgaans tydens die kompetisie gehandhaaf het. Hulle het Affies gewis waardig verteenwoordig.

Matriek maak musiek

Na hierdie termyn kan niemand sê dié matrieks het nie iets bygedra tot die kultuur nie.

Woensdae pouse sweet die musiek-matrieks behoorlik tydens voordrag-klasse, om ondervinding op te doen, maar om darem ook iets by te dra tot die kultuur.

Dankie vir julle belangstelling, Affies! ons hoop dat ons musiek ook vir julle iets beteken.

"Ek wil van my oppo- ente verskil deur . . ."

Al ooit tot 23h00 in die skool se filmkamer gesit? As jy die volgende dag Geskiedenis skryf?

Dit is sulke tipe van voorbereiding wat met die eerste rondte van die Junior Rapportryersdebatkompetisie gepaard gegaan het. En nee, daar is nie net films gekyk nie — daar is gewerk. Die Afrikaanberoepevrou moes as bekwame/onbekwame opvoeder bewys word en albei spanne het hard gedink en biblioteekkaartjies by die dosyne volgeskryf.

Daar lê nog 'n besige tydjie voor vir hierdie toneelspan wat almal Affies is wat hul op die gebied van die akademie, kultuur en sport onderskei het.

Twee dae later, was dit

die kompetisie. Tyna Mössmer en Gené Visage was heel eerste klaar en hul enigste kommentaar was: "Dis só lekker om klaar te wees!" Heel bemoedigend? Heel laaste was Cornel Breytenbach en Helena Barnard aan die beurt.

Met die debat het dit goed gegaan — Helena en Cornel is deur na die volgende rondte. Wat die Geskiedenisstoets betref. . . Miskien is 'n eerbiedig stilte hier gepas.

Affies wens Helena Barnard en Cornel Breytenbach baie sterkte toe met die volgende rondte. Hulle gaan op 21 Julie — in die eksamen! — debatteer oor "Suid-Afrika reageer oormatig op wêreldmening". (Ek sien haar wen!)

Klassieke klub trek die stapstewels aan:

Wat het die Klassieke Klub en die Fanie Botha-voetslaanpad in gemeen? sou jy vra. Die antwoord is; net mooi niks! Of miskien tog iets . . . die 16 + 1 Latyn-Affies wat dit dult-op en berg-af gewaag het gedurende die eerste naweek in Mei 1986.

Vrydagmiddag is ongeveer 13h30 nm is daar in gemaklike klere en met vol rugsakke vrolik en geselsend by die skool gegroet en om 19h00 is Graskophut bereik.

"Opstaan, opstaan! Dis 'n heerlike dag!", maar niemand het 05h00 Saterdagoggend Oom Daan se sin vir humor óf sangstem waardeer nie. Na baie gesukkel met die gepakkery, het hulle uiteindelik 08h40 in die pad geval. Almal was toe nog perdfris en vrolik (wat is 23 ou kilometertjies nou?) maar rus-rus en blaas-blaas teen "Mac Mac-bluff" (of deur sommige stappers "Nereest" gedoopt) uit, is daar egter 'n ander deuntjie gesing. Tog het die pragtige natuurskoon vir die seer knieë vergoed. Toe die eindpunt egter byna-byna in sig was, het die St 6'e besluit om te verdwaal en is daar wêreld in die donker by die godverlate Mac Mac-hut aangekom.

Toe is seer knieë (mmm juffrou?) en voete behoorlik gedokter en is 'n soete nagrus veel vroeër as Vrydag-aand aangepak!

Te midde van digte mis is daar Sondagoggend iewers op die ou koetspad "ontwaak". Weer eens het ons in stille verwondering aan die pragtige omgewing gestaan. Die pas was stewig, maar tog het elkeen na 'n vorige dag se moeilike stap besluit dat hy genoeg gehad het en sy eie koers ingeslaan! Dit het tot gevolg gehad dat die meeste iewers in Graskop by 'n lampaal geëindig het; ander het ewe ogeruimd by die polisiekantoor aangemeld en die dierbare ou sessies het wêreld verdwaal!

Nadat almal mekaar weer op 'n manier gevind het, het hulle gaan bad en 'n paar ure daarna is daar uiteindelik moeg en uitgeput Sondagoggend terug in die wêreld gearriveer. Dit was heerlike pret en 'n hemelse ondervinding om só na aan God se wonderlike skepping te kon kom.

Esmé van Achterbergh

A.C.S.V.

As 'n mens terugkyk oor die afgelope termyn, het die Affies gesorg vir goeie prestasie op die sportveld, op akademiese gebied en kulturele gebied, maar dit is nie al waar Affies presteer het nie. Die geestelike gebied het nie agtergebly nie.

Alhoewel dit nie mag blink na 'n prestasie nie, het die Affies se A.C.S.V. met groot getalle vermeerder en daar het selfs 'n paar Affies tot bekering gekom. Elke Woensdag word daar gedurende pouse bymekaar gekom. In die tydjie word daar Bybelstudie gehou, getuig, deur die leerlinge en onderwysers, en ook lekker saamgesing. Ds Heyns was hier van groot hulp met sy klanktoerusting.

Elke A.C.S.V.-lid kan daarvan getuig dat dit die wonderlikste gevoel is, om saam met jou mede-skoliere God se naam te vereer en te verheerlik!

In die derde termyn beplan ons om saam met die Meisieskool se A.C.S.V. 'n kamp te hou. Die seuns wat op die vorige kamp was, kan getuig hoe geestelik versterkend dit was en tog ook hoeveel "sports" dit was.

Elke Affie wat nog nie 'n lid is van die A.C.S.V. nie, kom sluit aan en gee jou lewe aan God. Dit is die moeite werd!

Jasper Burden

Poon du Plessis se gunsteling Ballade

Onder die sterre
het hul gestaan
in die maanlignag
by Malelaan.

— "Sal jy my liefhê
van nou af aan?"
— "Ek sal jou liefhê
tot die wêreld vergaan . . ."

Weer stap 'n man
die donker teen.
— "Hier was ons saam,
nou's ek alleen."

"Moet alles dan
verwelk, vergaan
soos bloeisels
by Malelaan?"

Uys Krige

Affies-sing!?

Vir iemand soos Anneli van Rooyen en Anton Goosen het die woorde "sing" en "liedjie" 'n uiters aantrekklike bekoring. Maar is hierdie feit van toepassing op duisend-agthonderd jongmense wat die kern van die Afrikaner behoort te wees?

Die inter-Affie liedjiekompetiese soos deur Anneli van Rooyen en Jannie du Toit aangekondig, is juis uitgeskryf om die geykte aantying teen ons "kultuurlose" Afrikaner-jeug te ontmasker. Affies word dus deur hierdie kompetisie die geleentheid gebied om hul ware kleure of leier klanke aan die wêreld te wys.

Affies lewer op elke terrein van die lewe, persone wat hul deel kan bydrae. Die skool as geheel word opgeroep om die sportsterverlede aan te vul met 'n kultuurtoekoms.

Die identiteitslose volk is die volk sonder kultuur en balans. "Laat daar lig wees." uit Affiesgeledere — dus laat daar note en klanke wees.

Die besonderhede vir die kompetisie is as volg:

Werkswinkeltye by U.P.
Maandag: 16/6, 23/6, 11/8 om 4-5.30 nm

Navrae — mev "Sang" Smith.

Hierdie kompetisie sluit natuurlik nie onderwysers-deelname uit nie! Onthou D Kramer wou ook eers onderwyser word . . . maaër die kat kom hierdie keer nie weer nie en daar sal dus iets nuuts uitgedink moet word . . .

D Wijnbeek

Hoof verjaar in Affieland

'n Verjaardag by A H M is 'n besondere dag. So het mev Venter dit ook onthou uit haar eie Affieskooldae. Seker daarom dat sy haar die ruikertjies op die rugkant laat welgeval het.

Die dag het begin met saalopening, waargeneem deur mev Nel (adjunk-hoof). Nadat sy die hoof op 'n besondere wyse opgedra het aan die Vader het die gelukwensing begin. Elke klaskaptein het 'n beurt gekry om 'n ruikertjie met goeie wense namens haar klas te oorhandig.

Die vrolike dag het 10 minute vroeër as gewoonlik geëindig en Stroom-op het uit 'n betroubare bron verneem dat die personeel dié aand 'n geselligheid in die personeelkamer gereël het.



Juffrou Venter, tradisioneel in pragtige ruikertjies getooi.



Geskiedenisklub '86

Wat doen 'n mens nou eintlik met 'n "Geskiedenisklub"? Grawe ou nuwe feite in verband met die Groot Trek op? Onderneem jy 'n uitstappie (vir die drie-en-twintigste keer) na die Voortrekkermonument? — alhoewel die gevaar van asbeslongkanker nou daar bestaan. Of leer 'n mens hoe om al die feite in 'n Matriekgeskiedenisboek in jou kop te kry?

Klink maar vervelig, né? 'n Mens kan seker nie meer van iets soos Geskiedenis ver wag nie, of hoe?

Maar gaan gesels 'n bietjie met Zanne Neethling, die voorsitter, of enige van die ander begeesterde Geskiedenisclubaffies en jy kom agter dat Geskiedenis nie net oor die Voortrekkermonument, die Groot Trek en LEER gaan nie!

"Dit was fantasties!", sê Zanne, "... Ek hoop ons doen dit sommer gou weer!"

Dié "dit" het verlede termyn gebeur toe al die Matriekgeskiedenisgeesdriftiges vir die hele dag (hulle het al sewe-uur die oggend gery!) na Johannesburg toe is. Daar het hulle die effekteurs, die Barclaysbankmuseum en die Krygsmuseum besoek. Alles onder die bekwame leiding van mev Smit, juf Joubert (???) en 'n wonderlike busbestuurder, (Wat vir opwinding gesorg het deur eers vir 'n uur deur

Johannesburg te ry opsoek na Diagonaalstraat!)

Volgens verskeie menings was die Effektebeurs die interessantste gewees. "Die heel snaakste is wanneer die ouens begin rondhardloop en pryse en aandele en firmas en goed begin uitskree... 'n Absolute deurmekaarspul... En so baie telefone het ek nog nooit saam gesien nie!"

By die Barclaysmuseum het hulle geleer en gesien dat daar regtig so iets soos 'n geldboom was. En dat geld deur die eeue heen van byna alles gemaak is: been, skulp, porselein, metaal — selfs tee!

Eintlik klink dié Geskiedenisklub glad nie na 'n slegte idee nie — veral nie as hulle meer dikwels so 'n heeldaguitstappie maak nie! (Hoe lyk dit Zanne — maak dit sommer Kaap toe, of wat van Europa?!)

Tyna Mössner



Die "voëls"

"Voëlhok" bring ster kwaliteit na vore

AHM het op 2 Junie, 'n vroeë Maandagoggend (net nadat die voëltjies ontwaak het) die eenbedryf "Voëlhok" deur David Campton op die planke gebring.

Die skoolbevolking — met apologie aan die sessies — het die opvoering terdeë geniet. Selfs drie beoordelaars wat die TOD-toneelkompetisie verteenwoordig het, kon nie

die atmosfeer verkil nie.

Die karakters, vertolk deur Ansu van Rensburg, Landi Pieters, Petronelise Trichardt, Ané Jacobs, Thea Landman, Sally Myburgh, Hanli Buber en Sonja de la Rey, het uitmuntend daarin geslaag om die gehoor tot introspeksie te voer en te laat wonder: Is ek ingehok deur my eie tekortkoming waaraan ek nie wil ontsnap nie?

Senior Wetenskapklub

Dui Senior Wetenskap Klub het in 1986 in dinamiese verandering ondergaan.

Johannesburg Planetarium

Hierdie metamorfose was duidelik sigbaar in die toename van aktiwiteite gedurende die eerste twee termyn. Die termyn se program is afgeskop met 'n besoek aan die Johannesburgse Planetarium. Tydens hierdie besoek, is daar na 'n spesiale Halley-program gekyk en daar is ook verskillende konstelasies soos die "Leeu" en die "Weegskaal" uitgewys.

Suid-Afrikaanse Buro vir Standaardte

'n Hoogtepunt van die termyn was ongetwyfeld die besoek aan die S.A.B.S. Daar is gekyk na die toetsing van hoogspanningstoerusting en staalvervaardigde voorwerpe.

Die interessantste was die foreniese laboratorium wat die Polisie al verskeie kere gehelp het om die "onsigbare" leidrade op te spoor. Verskeie "onoplosbare" misdade is al so opgelos soos byvoorbeeld die Treinroof by Rustenburg.

Videos en Films

'n Interessante byvoeging tot 1986 se program was die vertoning van opvoedkundige video's en films tydens pouses op Dinsdae en Donderdae. 'n Breë spektrum word gedek en video's wat reeds vertoon is, het onderwerpe gedek soos byvoorbeeld kontinentale drywing, magnetisme, gletserwerking, robotte en hulle invloed op die toekoms van die mens.

Die Senior Wetenskapklub van A.H.S. is 'n lewende en dinamiese klub en alle nuwe lede is baie welkom om aan te sluit.

M van Straaten

Vrouens — beter bestuurders!

Dinsdag, 30 April, het 'n paar skole in Pretoria hulle City Golfs by die Nasionale Verkeersveiligheidsraad se kantore ontvang.

Die oorhandiging van die motors is deel van 'n projek wat vanaf verlede jaar deur die NVVR geleids is. Die oorheersende doel is om beter en veiliger jong bestuurders te kweek. Vandag, veral met die stygende persoen-

tasie motorongelukke, is dit baie belangrik.

Ses skole in Pretoria neem vanjaar deel aan die projek. Na die opening het raadslid Steyn van der Spuy, burgemeester van Pretoria, die motorsleutels aan die onderkeie skoolhoofde oorhandig. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool het weer 'n pienk Gholf gekry en daar gaan gou met die praktiese opleiding begin word.



Die deursnee matrikulant.

Matriek: Lus of las?

'n "Matriek" kan baie maklik uitgekien word: 'n nors, stuurse uitdrukking op die gesig, 'n swaar boektas wat amper op die grond sleep, historiese gesprekke oor Wiskunde en Skeinat (HG of SG?) en bekommernisse oor die komende matriekafskied. Oral word besluit dat almal erg mislei is, toe gesê is dat "Matriek" die heel lekkerste skooljaar is.

Is matriek dan 'n lus of 'n las? As daar gedink word aan die tonne en tonne huiswerk, die laat-opbly om take te voltooi, die uitputting en die pakke en pakke energiepille (bio-plus!) — definitief in las. Maar gelukkig is daar nog baie om na uit te sien: die kerkafsluiting, matriekafskied en... die eindeksamen... en daarna dalk weer matriek?!

Karen van Vuren

DIE JUNIOR-RAPPORTRYERS DEBATSKOMPETISIE

Op Vrydag, 2 Mei 1986, het die eerste ronde van die debatskompetisie wat uitgeskryf word deur die Junior-Rapportryers, te Hoërskool Hercules plaasgevind.

Getrou aan hul tradisie het die Afrikaanse Hoër Seuns- en Meisieskole nie so 'n geleentheid om te bewys dat hulle ook op kulturele gebied kan presteer, laat verbygaan nie. Albei skole het 'n A- sowel as 'n B-span ingeskryf. Die spanne is baie jonk en hulle het dis waardevolle ervaring opgedoen vir die toekoms. Die spanne was:

A.H.S. (A) : Alber Bekker (st 9) en Cobus Spaarwater (st 9).

A.H.S. (B): Luan Kloppers (st 8) en Viljee Tereblanche (st 8)

Die onderwerp wat onder bespreking was, was van so 'n aard dat nie een span bevoordeel is nie. Die

vraag is gevra of die Afrikaan-beroeps vrou haar plek volstaan in die opvoedingsgebeure van ons jeug.

Die debat self het bestaan uit drie afdelings, naamlik die inleidende toesprake, die repliektoesprake en die kruisverhoor. Ander skole waarteen meegeding is, het Prinshofskool, Hoërskool Hercules en Hoërskool Tuine ingesluit.

Aangesien daar net een van die tien spanne na die tweede ronde kan deurdring, was die kompetisie baie

Die kunsklub staan hierdie jaar onder beskerming van mev Lombaard en mnr Dreyer. Almal is welkom al is hulle nie kunsleerlinge nie. Daar word geen ledegeld gevra nie. Maar elke leerling moet sye materiaal voorsien.

Die kunsklub is daar om veral kunsleerlinge die geleentheid te gee om hulle talente verder te beoefen. Hulle mag skoolopdragte daar voltooi. Hulle ontvang ook baie meer persoonlike aandag en raad van mnr Dreyer en mev Lombaard.

Al ooit gewonder van waar die sokkiejole se plakkate die rugby-baniere ensovoorts vandaan kom? Dit is die kunsklubde wat al hierdie take so stil-stil verrig.

Die kunsklub is baie bedrywig en het al 'n hele paar uitstappies onderneem. Hulle het onder andere op 27 Februarie die Pretoria se kunsmuseum by Arcadiapark besoek. Die betrokke uitstalling is gehou deur die kuns-dosente van Tukkies, onder die lys van name was daar beroemdes soos J Clarke, E Bodenstien, G du Toit en A Pretorius. Hulle het baie kennis opgedoen en dit geniet.

Enige iemand wat wil aansluit is welkom. Dit is nie 'n vereiste om 'n kunsleerling te wees nie. Hulle vergader Woensdagmiddae na skool.

Albert Pretorius 9B

Blaasorkes

Vir die blaasorkes lê daar twee uiters suksesvolle termyn agter die rug. — Nie dat dit nie aan die begin van die jaar maar broekskeur gegaan het nie.

Teen die einde van '85 het 'n klein tragedie die orkes getref. Die matrieklede wat as steunpilaar gedien het, moes die orkes teen wil en dank in die steek laat. Van die orkes wat uit vyf-en-twintig lede behoort te bestaan, het slegs twaalf oorgebly. Dié verskil was dadelik, en duidelik hoorbaar! Stadig het die ledetal egter weer vermeerder tot die huidige twee-en-twintig.


Die belangrikste optrede van die orkes hierdie jaar, was sekerlik die deelname aan die PMF (Pretoria Musiekfees) wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers aangebied is. Danksy die geduldige afrigting van mnr P Poolen het die orkes daarin geslaag

om 'n gemiddeld van 88% te behaal. Die items op die program was: 'n Keurspel uit "My Fair Lady", temamusiek uit die film "Exodus" en om mee af te sluit, die welbekende "Bianca", uit Tchaikovsky se Italiaanse Caprice.

Soos in die verlede, is die orkeslede in die Affies mnr Poolen baie dank verskuldig vir sy toegewyde belangstelling, sy meesterlike verwerking en sy vriendelike aanmoediging. Die lede is trots om te weet dat die ergerlike kommentaar van 'n beroemde musiekonderwyseres, nie meer op A.H.S. op orkes van toepassing is nie. Nina Barry het naamlik gesê: "They do not know a harp from a bassoon!"

Die Afrikaanse Hoër Seunskool is baie trots op die blaasorkes, enig in sy soort. Weinig skole beskik oor die voorreg van 'n blaasorkes.

L de Jager



Ons blaasorkes.

A H M koor sit segetog voort

Vrydagaand, 6 Junie, het die reeds bekende koor van die Afrikaanse Hoër Meisieskool voor 'n uitgelese gehoor en beoordelaars, die Transvaalse uitdun vir enkel-kore gewen. In die afdeling vir gemengde kore was die Hoërskool Wonderboom eerste met 'n gemiddeld van 79%.

Die koor van AHM met hul gebruiklike, suiverheid van toon en artikulasie het met 83% in hul afdeling geseëvier en dring daarmee deur na die Nasionale uitdun wat op 28 Junie in Stellenbosch plaasvind.

Die redaksie en leerlinge wens die koor en hul knap leidster, mev Elmi Krüger baie sterkte toe en hoop dat mev Krüger hierdie terugkeer na haar alma mater in 'n triomftog sal omskep. — M L.

STIL MAAR AAN DIE GANG

Die rekenaarklub is in 1983 gestig nadat twee Apple rekenaars aan die Afrikaanse Hoër Seunskool geskenk is. Vanaf daardie jaar het die rekenaarklub in getalle en organisasie vermenigvuldigend toegeneem. Aan die begin van hierdie jaar het 'n rekordaantal van 100 lede geregistreer.

So 'n groot klub verg baie organisasie en het 'n vol program. Die klub funksioneer in drie groepe — twee beginners en een gevorderde groep wat om die beurt op Dinsdagmiddae professionele hulp in programmering by die Universiteit van Pretoria se rekenaarafdeling ontvang. Die groep wat nie by die Universiteit ingeskakel is nie, kom dan om die beurt in die Media-sentrum bymekaar waar toepassings op die rekenaars uitgewerk word.

Ons hou ook speletjie-en-video-aande een keer 'n maand in die Media-sentrum met allerhande interessante pryse daaraan verbonde.

Uitstappie-Infoplan

Die hoogtepunt hierdie jaar was egter 'n uitstappie na Infoplan, 'n

Rekenaarsentrum ten ooste van Pretoria.

Op Donderdag, 22 Mei, vertrek 'n groep van die rekenaarklub saam met mev. Booysen en Postuma na Infoplan. Daar aangekom, is ons aangenaam verras met 'n deftige middagete. Daarna is ons in groepe verdeel en het ons die ondergrondse sentrum besoek waar ons van die heel nuutste tegnologie in die veld te siene gekry het.

Die rekenaarklub beplan verder nog hierdie termyn om 'n aand te hou waar ander skole se rekenaarklubs na uitgenooi gaan word om idees en kennis uit te ruil.

Die rekenaarklub is 'n baie aktiewe klub waarvan daar nog baie in die toekoms gehoor sal word. Die klub verwelkom steeds nuwe lede.

Casper Badenhorst

“O, uur van glorie”

Op Maandag 2 Junie het die (Junior) Toneelvereniging van die Afrikaanse Hoër Seunskool hul eerste “amptelike” vertoning gelewer. 'n Vuurdoop was dit gewis, want dié opvoering het deel uitgemaak van die beoordeling van die gesogte Administrateursbeker-kompetisie. Vir al die spelers was dit 'n ondervinding wat hul lank sal bybly omrede dit almal se eerste poging tot toneelspel was. Onder leiding van mnr D Taljard is daar deur harde werk gevorder vanaf rou groentjies tot spelers wat al amper na iets lyk.

Die stuk se naam is “O, uur van Glorie”. Dit speel af in die berge van Suid-Amerika waar 'n rebelgroep hul land se presidentsdogter gevange hou. Haar verloofde “Rudi” (Twakies du Toit) kom dan op die toneel. Die rebelle se leier “Santos” (Johan Preller) se karakter word tot op die uiterste beproef deur die een pro-

bleem na die ander. Dan daag die Priester (Jan-Albert van den Berg) en Santa se Vader (PJ Celliers) op, om Santos mee te deel sy kinders is geskiet en sy vrou gaan tereggestel word indien hy nie die presidentsdogter, “Maria” (Liezal van Vuuren) onmiddellik vrylaat nie. Santos se besluitneming word bemoeilik as “Harris” (Johan van Niekerk) nuus bring dat die rebelle se posisie veilig is. Santos se hand-langer “Marlous” (Luan Kloppers) maak amok as hy alles en almal wil skiet. Santos se rebellespioen “Tamil” (Villiers Terblanche) plaas Santos onder 'n wanindruk oor sy familie se welvaart. Die toneelstuk is vol opwinding en 'n spanningslyn word konstant gehandhaaf. Die stuk sal in Augustus voor die skool opgevoer word en beloop om die moeite werd te wees.

L Kloppers



Toneelgroep in aksie!

ONS HET NIE 'N KOOR NIE: ONS HET 'N KOOR!

Vanjaar het die koor op 'n geweldige hoë noot begin en die standaard wat gestel is, is nog ongeëwenaard. Die jaar het begin met 'n puik optrede in die Staatsteater en daarna het verskeie optredes vir kompetisies gevolg. Telkens het die koor van die Afrikaanse Hoër Meisieskool gewen en steeds meer lof ingeoes. Om dit alles egter te bereik, het geweldige harde werk gekos — nie net twee aande 'n week nie, maar ook verskeie oefen-Saterdag. Mev Krüger en elke koorlid het deurgaans slegs haar bes gelever en met steeds hardewerk en vertroue op ons Skepper, wat elke geleentheid vir onsskep, hoop ons om hierdie jaar ook op 'n hoë trant af te sluit.

Met die ter perse gaan het die A.H.M.-koor reeds uitdunronndes in beide die Administrateurskompetisie as die Applous'86-kompetisie gewen.



Mev. Krüger en die koorbestuur.

FOTOKOMPETISIE

Fotografe hier is jul kans! Die fotografeklub van A.H.S. het 'n fotokompetisie uitgeskryf vir alle leerlinge van A.H.S. en A.H.M.P.

Die sluitingsdatum is uitgestel na 11 Augustus vanjaar, om meer leerlinge die geleentheid te gee om gedurende die Julievakansie hul inskrywings gereed te kry.

Daar is drie kategorieë waarin ingeskryf kan word naamlik kleur, swart en wit, en kleurskyfie. 'n Maksimum van 4 inskrywings per kategorie word toegelaat.

Elke kategorie inskrywings kos R3,00 vir nie-lede en R2,00 vir lede van die klub. Of jy nou een of vier inskrywings in 'n kategorie inskryf, die prys bly dieselfde.

Die eerste prys bedra 'n waarde van ongeveer R50 se fotografiese toerusting. Daar is ook heelwat troospryse wat uit swart en wit papier, swart en wit-kleurfilm bestaan.

Enige onderwerp mag ingeskryf word. Die minimumgrootte vir 'n kleur inskrywing is 10cm x 15cm en vir swart en wit is die minimumgrootte 20cm x 25cm.

Inskrywingsvorme is by mnr C Vermeulen beskikbaar.

Woordeskatuitbreiding in die Latynklas.

Amo: amok met koeëls, klippe, kruit — iets waarmee jy kan gooi of skiet.

Amas: 'n groot hoeveelheid.

Amat: 'n klein stukkie tapyt om jou voete aan af te vee.

TOP TIEN

1. Mnr C Kruger — Borderline
2. Mnr P Swanepoel — Beat Boy
3. Mnr T L P Kruger — Uncle Sam
4. Mnr D Swan — Target Practice
5. Mnr F van As — Iron Eagle
6. Mnr K Venter — Digging your Scene
7. Mnr F Deysel — Goomba Jive
8. Mnr D Gordon — Move
9. Mnr D Taljard — Brakanjan
10. Mnr C Vermeulen — Nie meer Stoksiealleen

GRAPPIE! LAG 'N BIETJIE WARE FEITE!

Kanibaal: Ek sien jy het een van daardie groot yskaste, wat is sy laaikapasiteit?

Kanibaal Twee: Ek weet nog nie, maar dit hou darem die vier ouens wat dit afgelewer het.

Liefde en die kommunis

Dr J A du Plessis het Maandagoggend, 9 Junie 1986 die geekte “gevaar-van-kommunisme-toespraak” vir die Affies op 'n ondubbelsinnige en onderhou-dende wyse verhelder. Alle twyfel oor kommunistiese intensies is hierdeur uit die weggeruim.

Volgens dr Du Plessis het Christenskap en die identiteit van 'n volk geen plek in die Kommunistiese samelewing nie. Dit is ironies dat die superwêreldmoonheid, Rusland, nie sy 2 709 miljoen inwoners kan voed nie en dat die gemiddelde inkomste op R600 per werker per maand beraam word. Voedsel moet dus steeds vanaf die Weste ingevoer word.

Die vernaamste uitvoerprodukte van hierdie land is wapens en chaos. Dit is juis in die totale beheer van die kommuniste se denke deur die staat, redeneer dr Du Plessis dat die gevaar vir die Christen opgesluit lê. Om sy bevolking se denke te beheer en revolusie te voorkom beskik die USSR oor 'n relatief eenvoudige dog effektiewe stelsel van kontrole. Een uit ses Russe is 'n lid van die Party en rapporteer ongewenste, negatiewe denke onder sy “vriende-kring” aan hoër partylede. Hierdie stelsel boesem vrees in en wis enige vertrouensverhouding tussen mense uit.

“Jy moet God bo alles liefhê en jou naaste soos jouself.” Vir die Christen is hierdie stelsel van oordrag van persoonlike verantwoordelikhed en denke aan die staat verwerplik en in stryd met die kultuuropdrag!

D Wijnbeek

Die jeug lewe!

Onthou julle kontak? Dit was 'n blaadjie wat verlede jaar deur Junior Stadraadslede onder die leerlinge van die skool uitgedeel is.

Kontak het intussen gegroei na 'n volwaardige Skakelblad vir die jeug van Pretoria en het ook van naam verander. “Vitae”, soos dit nou bekend staan, word saamgestel deur die redakteurs of verteenwoordigers van die skoolkoerante van Pretoria.

Ondersteun die koerant! Dit verskyn twee maal per jaar en bydraes, veral foto's, sal baie waardeer word. Gee dit aan jou skool se verteenwoordiger en help ons om 'n verteenwoordigende beeld van die Pretoriase jeug uit te dra.

Helena Barnard

PIGLY WIGLY

FAST FOODS... TAKE-AWAYS

WE SPECIALISE IN:
FISH & CHIPS, HAMBURGERS AND HOT DOGS,
CURRY AND RICE, ETC.

TEL: 424903

125 JOHNSTON STREET

SUNNYSIDE

PIGLY WIGLY FAST FOODS

Shop 1 & 2 Paragon Court C/r Johnston & Jorissen Str. Sunnyside Pretoria 0002
Tel.: 424903

ALL BLACKS BESOEK AFFIES!

Vrydag, 23 Mei! Wat 'n groot dag vir Affies! Drie Kavaliers van Nieu-Zeeland besoek die Affies: mnr Winston McDonnel, Wayne "Buck" Shelford en Albert Anderson.

Mnr McDonnel is natuurlik die man agter die skerms wat die toer na Suid-Afrika bewerkstellig het.

WAYNE SHELFORD

'n Dinamiese Wayne Shelford, of Buck, soos hy deur sy spanmaats genoem word, het meer oor die rugby-opset in Nieu-Zeeland vertel. Die seuns is beïndruk deur die man wat sy rugby met soveel erns en toewyding bejeen. Hy vertel dan ook van sy beroep as L.O.-instrukteur in die vloot.

ALBERT ANDERSON

Albert Anderson, die reuse, blonde slot, het meer oor hul land en veral hul skaapboerdery vertel. Hy

het die seuns dan ook meegedeel hoe moeilik dit is om die eer te hê om as 'n "All Black" gekies te word en dat dit 'n baie eksklusiewe span is. Anderson het met trots van die Nieu-Zeelanders se ongelooflike entoesiasme vir hul nasionale tradisie, rugby, vertel.

Christo Potgieter, Meyer Nell en Happy Oosthuizen het aan elk 'n aandenking van die Affies oorhandig.

Die Affies is mnr Pierre Edwards groot dank verskuldig want waar hy is, word daar altyd goeie geskiedenis gemaak. Gelukkig was dit nie dié keer, oorlog nie!

Con Purchase



'n Dinamiese Wayne Shelford aan die woord.

Affies se vyf rugbybulle

Affies het vanjaar weer eens bewys dat hy 'n onontbeerlike krag in die Noord-Transvaalse skole rugbyspan is.

Nie minder as vyf spelers gaan die Noord-Transvaalspan tydens vanjaar se Cravenweek gedurende die Julie-vakansie op Graaf-Reinette verteenwoordig.

Chris Whelpton, wat ook verlede jaar die span gehaal het, is as heelagter gekies. Meyer Nell en Danie Brand is as slotte en Bert

Trichard (Ertjie) is as stut gekies. Affies se eerstespankaptein, Christo Potgieter, is as een van die senters gekies en word ook as onderkaptein van die span gekies.

Affies en Menlopark het die meeste spelers in die span. Die Affies is baie trots op hierdie vyf Witbulle en spreek die hoop uit dat dit met hul baie goed sal gaan tydens die Cravenweek.

Con Purchase

Rugby: Die negendes!


Min mense het nog nie van hierdie rugbyspan gehoor nie. Elke Donderdag speel hierdie vyftien hansomse rugby teen 'n ander skool se vierde span.

Donderdag, 5 Junie 1986, het hierdie vyftien hansomse weer eens op die veld gedraf, hierdie keer teen die afrigters. Van opwarming weet hierdie ouens maar min maar van rugby, dié kan hulle speel! Dis so opvallend hoeveel van hierdie spelers met beserings op die veld gedraf het, almal het of pleister om die kop of om die knie gehad. Namate die wedstryd gespeel is en die manne moeg raak en sweet, het die pleisters losgegaan, of afgeval in die spelers se oë begin hang! so het die beserings met verloop van tyd al minder en minder begin word. Op die ou end het slegs twee van die spelers beserings gehad. Outjie en Jandré.

Die rugby wat gespeel is . . . daarvoor sal ons maar nie uitbrei nie maar die skare het dit geniet! Jakkob is 'n goeie voorbeeld van 'n heelagter wat deel uitmaak van so 'n span wat "aanvallende" rugby gespeel het.

Toe die eindfluitjie blaas, was die telling 16-0, die negendes het weer eens gewen . . .

Hokkiester!



Dit is geen wonder dat Affies se hokkiespanne die afgelope seisoen so goed gevaar het nie. As daar na die afrigting gekyk word, kan 'n mens dit verstaan. Die afrigter van die eerste hokkiespan, mev Marieta Pienaar, het haarself onderskei deur haar insluiting in die N-Tvl A-hokkiespan.

Mev Pienaar is alom bekend as 'n sportiewe, vriendelike en geliefde mens en die sukses wat die eerste span behaal, kan grootliks aan haar toewyding en aansporing toegeskryf word.

Stroom-op wens haar sterkte toe vir haar verdere hokkieloopbaan.

Karen van Vuren

Bingo, Bingo nege is 'n slang

Corne van As 10F

SPRINGBOKSTOEIKAPTEIN

Mnr Marius Voges is as kaptein van die Springbokstoeiers gekies. Vier lande neem deel aan die SA-Spele kampioenskappe. Hy behaal 'n tweede plek, maar tydens die finale geveg onttrek hy weens 'n gebreke rib.

Con Purchase



WENVREUGDE Saamjuig. Saamwees. Saamdoen. Saamstaan. Saamlekkerkry. Dis gesinwees. Dis werklike gesinsvreugde ervaar. Dis wenvreugde!



Rentmeester stel belang in u wenvreugde. Oor die jare het ons ons onderskei nie net as 'n wengroep nie, maar as die gesinsvriend met 'n wye reeks goeddeurdagte lewensversekeringspolisse wat in elkeen se behoeftes voorsien. En nou bied ons u

Die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis

'n Meesterplan om gesinshulp te verleen wanneer dit die nodigste is.

Verseker vir u en u gesin nou ook die wenvreugde van die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Rentmeesterkantoor.



Die Gesinsvriend



Rentmeester Versekerers

PRETORIA
Hoofkantoor:
Tel. (012) 28-5020

BLOEMFONTEIN
Tel. (051) 77-1523

CARLETONVILLE
Tel. (01491) 2329

PORT ELIZABETH
Tel. (041) 2-9311

VEREENIGING
Tel. (016) 21-1076/
21-3730

PRETORIA
Streekkantoor:
Tel. (012) 21-8201

WELKOM
Tel. (0171) 7-1114

TENNIS

Affies se diepte in sy tennis het weer duidelik na vore gekom in die uitslae van die eerste ligawedstryde. Die derde-, en vyfdespanne het tot dusver nog nie 'n wedstryd verloor nie. Hierdie spanne speel hoofsaaklik teen die eerste en tweedespanne van die kleiner hoërskole.

Affies se tweedespan wat in die twee liga speel, is egter die span wat die meeste teenstand ondervind. Hulle speel teen die eerstespanne van hoërskole soos Menlopark en Boys High. Tot dusver het die tweedespan nog net teen Boys' High verloor. Boy's High kan toe ook net-

net die knoop deurhaak.

Die eerstespan het tot dusver in die liga nie veel teenstand teen Voortrekkerhoogte en Silverton ondervind nie en was albei kere aan die wenkant. Emile Fourie verdien gelukwensinge want hy is vir die Noord-Transvaalse Junior inter-provinsialespan gekies Emile, Buks Moolman en Quintin Blake is dan ook gekies vir die Noord-Transvaalse Hoërskolespan. Dit lyk dus asof Affies sy stempel baie goed sal afdruk op die res van die liga. Affies kan ook die Administrateursbeker-kompetisie met vertroue binnegaan.

Tafeltennis

Affies het weer vanjaar vir die Noord-Transvaal Skole Tafeltennisliga ingeskryf. Die afgelope twee jaar het Affies die kompetisie vir die beste skolespan gewen.

Vanjaar is daar weer met groot ywer geoefen en die ligawedstryd is op 'n streep gewen. Ongelukkig het die eerste en tweede span teen John Vorster hul Moses teëgekom. Die derde span is egter nog onoorwonne en behoort weer vanjaar die liga vir die derde agtereenvolgende jaar te wen!

WEN 103 STELLE

Gedurende die kompetisie het A.H.S. se eerstespan 103 stelle gewen en daar is slegs 44 stelle, waarvan 21 teen John Vorster was, teen hulle afgestaan.

WEN 99 STELLE

Die tweede span vaar baie goed met 99 wenstelle en 38 stelle wat afgestaan is.

ONOORWONNE

Die derde span wat onoorwonne is, het 116 stelle gewen en die opponente kan slegs 20 stelle wen.

BENNIE DU TOIT

Bennie du Toit, eerstespankaptein, is ook gekies om Noord-Transvaal om in die O/17-span gedurende Julie op die Suid-Afrikaanse Tafeltennis-kampioenskappe te gaan verteenwoordig.

Sportman van die termyn

Philip Oosthuizen is op 7 Mei 1966 in Pretoria gebore. Hy begin sy skoolloopbaan aan Laerskool Anton van Wouw waar hy reeds sy stempel op sportgebied afdruk. Philip speel onderskeidelik vir O/10A, O/11A, die tweede span en twee jaar vir die eerste span. Hy speel ook in sy vrye tyd vir die laerskoolspan van die Pretoria Rugbyklub.

Rugby was nie sy enigste voorkeur nie. Hy swem ook uitmuntend en haal die Interlaer swemspan twee jaar agtereenvolgens. Hy spesialiseer veral in vryslag en vlinderslag. In die finale proewe vir Noord-Transvaal rugby kleure val hy ongelukkig uit maar dit skrik hom nie af nie.

AFFIETRUI

Sy hoërskoolloopbaan is nog meer indrukwekkend. In 1980 draf hy vir O/13D in 'n Affietruï uit. In die jare daarna speel hy O/14C en O/15C en so in die stilligheid verewig hy sy naam in die Affietruï. In 1983, sy eerste jaar as senior speler in Affies, speel hy derde span. 'n Derde span wat deurgedring het om die Noord-Transvaal liga te wen. Met die aanbreek van 1984 draf Happy uit in die gevreesde wit trui. Weer eens maak hy deel uit van 'n wenspan. Philip speel as stut in die Admin-finaal teen Monument (Krugersdorp). Die uitslag 10 elk, gelykop.

NOORD-TRANSVAAL

1985 kon beskou word as sy beste jaar ooit. Hy word gekies vir die Eerste Toerspan na Mosselbaai gedurende die Aprilvakansie. Toe die Liga aanbreek, word Happy verkies as onder-kaptein en weer speel hy in die Admin-finaal teen Hugenote te Springs en hul seëvier 10-9. In die middel van die jaar word hy gekies om Noord-Transvaal op die Coca-Cola Cravenweek by Witbank te verteenwoordig.

Hy speel ook verskeie wedstryde tuis en is deel van die span wat in Suidwes-Afrika gaan speel het. In 1986 speel Happy vir Adelaars O/20A en kry dit weet reg om provinsiale kleure te verwerf en haal die Noord-Transvaalse O/20A-span.

SWEM EN WATERPOLO

Swem het nog steeds een van sy

voorliefdes gebly. In sy hoërskoolloopbaan begin hy om waterpolo te beoefen saam met sygewone Vry- en Vlinderslag. 1981-83 ontvang hy provinsiale kleure in waterpolo en in 1984 word hy verkies as kaptein van die span en as lid van die Suid-Afrikaanse skole B-span. In 1985 lei hy weer die Noord-Transvaalse hoërskole Waterpolo-span. Hy swem ook vir die Affie Interhoërspan in 1981-82 onderskeidelik.


Happy skryf sy sukses toe aan volharding asook harde oefening wat gebou word op sy geloof en vertroue in God. Kennis en ervaring het 'n

deurslaggewende rol in sy lewe gespeel. 'n Mens moet ook bereid wees om te luister en te verbeter want sodoende word jy al hoe beter. Sy ouers en vriende is 'n belangrike faktor in sy motivering en Burger Geldenhuys word uitgesonder vir sy ondersteuning en bystand.

Philip Oosthuizen het diep sport spore in Affies getrap. Alhoewel sy kenmerklike draffie nie meer op die Affie-velde gesien word nie, bly hy 'n rugby-fanatikus; 'n vriend en vertroueling van menige Affie langs die rugbyveld.

Stroom-op wens hom alles van die beste te vir die toekoms en spreek die hoop uit dat hy eendag die groen en goud trui met trots sal mag dra!

R le Roux



Phillip Oosthuizen: Rugby en waterpolo is sy forté.



V.l.n.r.: S. Swart, A. Senekal, A. Krüger, J. Viljoen, S. Mostert, M. Stals, H. v.d. Walt, K. v. Vuren, L. Weyer.

Ons trots: Noord-Transvalers

(Karen van Vuren)

Die afgelope sportseisoen is agt Affies bekroon vir hulle harde werk op die sportveld, deurdat N-Tvl kleure aan hulle toegeken is.

LANDLOOP

Sonja Mosterd en Alita Kruger, wat beide ook besonder goed op die atletiekbaan presteer, het N-Tvl kleure vir landloop ontvang. Onder leiding van mev Raath het hierdie twee Affies 'n plek in die landloopspan losgehardloop en gaan hulle N-Tvl die komende vakansie by die SA-kampioenskappe verteenwoordig.

NETBAL

Karen van Vuren en Helena van der Walt is ook beide lede van die Eerste netbalspan. Na drie uitdunronndes is hulle, na afloop van die finale proewe wat by Menlopark plaasgevind het, in die N-Tvl-netbalspan ingesluit. Hulle gaan vanaf 4-7 Julie aan die SA-kampioenskappe in Kimberley deelneem.

TENNIS

Affies het ook drie tennisssterre: Jurné Viljoen, Lucille Weyer en Nicolene Heathcote is verkies tot die N-Tvl tennisspan. Hulle speel reeds geruime tyd vir die eerste bo-15 span en het die afgelope twee jaar uitstekend gespeel.

HOKKIE

Marlet Stals speel reeds vanaf St. 8 vir die eerste span hokkie en het vantevore al goed gevaar by die N-Tvl-proewe. Haar uitstekende spel het haar tot in die N-Tvl A-span gelei, wat gedurende die eerste week van die Julie-vakansie aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem.

Stroom-op wens al die Affies geluk met hul uitstekende prestasies en sterkte vir die toernooie wat die vakansie gaan plaasvind.



V.l.n.r.: N. Mostert, J. Schoeman, S. Mostert, A. Krüger.

N-Tvl landloop

Alita Kruger, Sonja Mosterd, Nicolette Mosterd en Johanna Schoeman het is na afloop van die N-Tvl landloopkampioenskappe wat op 5 Junie plaasgevind het, aangewys as die wenners van die bo-15-span-kompetisie.

Onder leiding van die bekwame

afrigting van mev Riana Raath, het hierdie Affies reeds verlede jaar begin met hul voorbereiding vir die seisoen en te danke aan hul positiewe gees en volharding, het hulle die hoogste sport bereik. Hulle gaan ook in die komende vakansie aan die SA-Kampioenskappe deelneem.

Landloop

Dit is seker die deel van atletiek waar atlete die hardste oefen. Onder leiding van mnr Swanepoel het die Affie landlopers die Administrateursbeker verower.

Wat die prestasie so besonder maak, is dat Affies die eerste skool is wat die gesogte trofee verower het.

Tydens 'n onlangse saalopening is die trofee aan Toby Adelaar, spankaptein, oorhandig.

Die Affies is egter nie mense wat op hul louere rus nie en dié span oefen steeds voort omdat hul dan ook weer eersdaags aan die strawwe kompetisie gaan deelneem.

Rugby skop goed af

Rugby is afgeskop met groot entoesiasme en motivering. In die vriendskaplike wedstryde het Affies getoon dat die talent weer eens daar is. So rond ons dan ook die volgende spanne af:

Tom Naude : 12-4

Hugenote : 30-6

Generaal Hertzog : 14-0

Tydens die vakansie geniet Affies 'n wonderlike naweek op oom Poon en tannie Marie du Plessis se plaas. 'n Groot rugbygees is daar opgebou tesame met 'n kameraadskap wat ongekken is. Die nagapies en 'n paar manne se hande kan daarvan getuig.

Die eerste span woon daarna van die 1-4de April 'n afrigtingskursus by wat deur Tukkies georganiseer is. Tydens hierdie week val nog twee spanne voor Affies se aanslag. Piet Potgieter verloor 11-0 en Hans Strydom 26-10 teen die "Gevreesde". Na die vakansie val Affies se eerste egter aan teen Helpmekaar, met 21-16.

Die liga begin in alle erns. Die eerste wedstryd teen Overkruin eindig gelykop 21 elk. Teen Gerrit Maritz wen Affies 7-4 en verloor die volgende Saterdag teen Voortrekkerhoogte met 7-3. En aldie hierdie wedstryde was dit telkens Affies wat die rugby gespeel het, maar hulle self onder druk geplaas het met swak skoppe pale toe en onnodige foute. Die oordeel het ook saam tuisgebly, en veral die spring van die bal het nog net die teenstanders bevoordeel.

Die groot intervarsity was op hande. Die veldslag teen Boys High na verlede jaar se fiasko in geslaan en die Engelse is teruggedryf tot anderkant die spoor met 19-12. Gelukwensinge kom die eerstspan wat elke Saterdag verbeter en wie weet, die

spelers word ook kennis gestel dat daar 'n spesiale Affie eerste rugbyspannas by mnr P van Rooyen te koop is. Die das sal voortaan deel van Affies se rugby en tradisie wees.

SEËVIERENDE SPEL

Baie sterkte aan al die rugbyspelers met die wedstryde wat voorlê. Laat Affies die "Gevreesde" bly met mooi, aanskoulike hardlooprugby. Moenie dat die "Wen" gedagte die mooi spel, rugby, doodmaak nie, maar oefen dat rugby sal seëvier en die wen vanself sal kom!

LAAT BERIG: die Affies wen John Vorster met 35-3 voorwaar 'n wegloop oorwinning!

AFFIE RUGBYDAS

Al die oud-Affie eerstespan-

Mnr P van Rooyen



Die foto is 'n bewys van Affies se uitstekende bewegings en aanskoulike spel.